Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

7 Julie 2020

Die graf en Jeugbediening?

Liewe Ouers en Voogde,

Ons storie as Christene en kerkgangers, sê Eugene Peterson, begin by die onmoontlikste plek: Die graf van Jesus. 'n Paar weke gelede het daar verskeie dinge onmoontlik gelyk, nou is ons al meer as 100 dae later besig om daardie einste onmoontlike dinge te doen!

Dit was vir ons 'n vreemde tyd om in te bedien die afgelope drie maande en ons salueer die leiers wat onder verskriklike druk steeds aangehou het met hulle groepe. Die kerk het vinnig leer kreatief wees en aangepas.

Ons beplan om vir nou eers so aan te hou met digitale Leefdienste en Leefgroepe, maar soos almal vinnig geleer het, kan enige iets verander. Ons vra julle geduld hiermee terwyl ons saam besin oor wat die veiligste en toeganklikste is vir die mense wie ons bedien.

Alle ouers/voogde en jongmense word uitgedaag om elke week saam die Leefdiens te kyk wat op **YouTube** uitgesaai sal word. Die **Leefdiens** sal om **18:00 op Sondae** beskikbaar wees. Na die uitsending sal daar om **19:00** met die **Leefgroepe** se jongmense geprekke wees (WhapsApp, Zoom ens.) saam met die Leefleiers. Die **Belydenisgroep** gaan steeds voort en alle inligting hieroor word op hulle Whatsapp groep geplaas.

Ons sal die gesprekke lei en materiaal weekliks deel op die WhatsApp Leefgroepe.

Kontak gerus vir ds. Wynand Breytenbach (071 640 9797) of dr.Tinus van Zyl (083 289 4985) te gesels oor enige iets.

Vriendelike groete,

Durbanville Gemeete se Leefdiens span,

Wynand en Tinus.